

# Kersfees

## Die wyse manne

Kinders ontdek die verhaal van die wyse manne en dink oor wat dit beteken om aan Jesus eer te bring.

**Teks:** Matteus 2:1–12

### Hulpmiddels:

- Stuur die geskenk aan speletjie: 'n klein pakkie lekkers toegedraai in baie lae koerantpapier. Tussen elke laag koerantpapier is daar 'n vragie toegedraai.
- Wyse man kwakke aktiwiteit: Uitdeelstuk vir elkeen en inkleurgoed
- Betlehem ster: roomysstokkies of ander stokkies en tou, gom en versiering
- Teleskoop / verkyker: toiletrolle, tou, gom en versiering
- Goud, wierook en mirre partytjie: vuurhoutjiekoksies, geel/goue lekkers, botteltjies met koeldrank, eetbare stokkies en pilhouertjies
- Karton, skryfbehoeftes en versierings soos nodig



**Welkom**

**Speel “stuur die geskenk” speletjie:** Kinders sit in 'n kring. Daar is 'n geskenk wat toegedraai is in baie lae koerantpapier. Speel musiek terwyl die geskenk aangegee word. Wanneer die musiek stop, haal daardie kind 'n laag koerantpapier af en beantwoord die vraag. Die volgende vrae kan ingesluit word, maar pas dit aan vir julle kultuur en konteks.

Slaan julle 'n kersboom op?

Gee/ontvang julle geskenke?

Wat doen julle op Oukersaand?

Waar is julle gewoonlik op Kersfees?

Vertel julle die Kersverhaal?

Wat is jou geliefkoosde Kersliedjie?

Wat was Jesus se pa en ma se name?

Wie het die skape opgepas in die veld?

Waar is Jesus gebore?

Wat eet julle vir Kersfees?

Wat eet julle op Kersdag?

Gaan julle Kersfees kerk toe?

Versier julle jul huis?

Sing julle Kersliedjies?

Hang julle kersliggies op?

Wat was die engel se naam wat Jesus se ma besoek het?

Wat het die engel vir die skaapwagters gesê?



**Wyding**

Sing Kersliedjies saam.

Leer vir die kinders 'n liedjie wat oor die wyse manne gaan, soos “Wyse manne op kamele” of “Betlehem ster” of “Al was ek nie daar nie”.

Steek 'n kers aan of sit kersliggies aan saam met die woorde: “Jesus is gebore. Hy is die lig vir die wêreld.”

Laat die kinders die woorde herhaal.



## Woord

Lees Matteus 2:1–12. Gebruik die Bybel@kinders indien moontlik.

Gebruik besempop karakters of die sandboks (met toiletrolfigure) om die verhaal uit te speel.

### Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:


1. Ek wonder hoe dit gevoel het om so ver te reis agter die ster aan.
2. Ek wonder hoe jy sou voel as jy Baba Jesus kon ontmoet.
3. Ek wonder watter geskenk jy vir hom sou wou gee.
4. Ek wonder op watter ander maniere ons vir Jesus eer kan bring.



## Werskaf

- Wyse manne kwakkie: Vou ‘n kwakkie (papier speletjie) m.b.v. die uitdeelstuk en speel met mekaar om die feite vas te lê.
- Betlehem ster: Laat elkeen ‘n ster maak om in hulle huise / of op hulle kersboom te hang. Die ster kan gemaak word uit roomysstokkies / gewone stokkies en tou. Kyk aanlyn vir voorbeelde.
- Teleskoop: Maak teleskope / verkykers uit toiletrolletjies en versier dit.
- Goud, wierook en mirre partytjie: Elkeen maak goud (versierde vuurhoutjiekassie met geel of goue lekkertjies in), wierook (versierde pilhouertjie met eetbare sjokolade stokkies) en mirre (versierde klein koeldrank botteltjie). Julle kan ook vir almal uit karton of papierborde krone maak en versier. Daarna kan julle die krone opsit en die “goud, wierook en mirre” eet en partytjie hou.

### Sluit af met gebed



Hoeveel  
wyse manne  
was daar?

Ons  
weet nie

Wat het die  
ster  
beteken?

'n Koning  
is gebore



Wat het  
hulle ge-  
doen toe  
hulle vir  
baba Jesus  
ontmoet?

Gekniel  
en hulde  
bewys

Waarheen  
het die ster  
hulle gelei?

Betlehem

Wie het  
die wyse  
manne in  
Jerusalem  
ontmoet?

Koning  
Herodes

Goud,  
wierook  
en mirre

Water  
geskenke  
het hulle  
gebring?



Van waar  
het die  
wyse  
manne  
gekom?

Uit die  
Ooste

Baba  
Jesus

Vir wie  
het hulle  
geskenke  
gebring?

